higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

6 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 B
1.4 B
1.5 B
1.6 C
1.7 A
1.8 B
1.9 A
1.10 B

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 F
2.2 L
2.3 H
2.4 A
2.5 B
2.6 P
2.7 J
2.8 M
2.9 K
2.10 N
2.11 O
2.12 C
2.13 G
2.14 I
2.15 E

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Waar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Onwaar
3.6 Waar
3.7 Waar
3.8 Onwaar
3.9 Onwaar
3.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Enige ander gepaste antwoorde moet in aanmerking geneem word.

VRAAG 4

4.1

- Stel die ouers in kennis dat die voorskoolse program modderspel insluit. Sodra die ouers die skool die eerste keer besoek, verduidelik dat kinders deur spel leer – en dat spel morsig, vuil, nat, modderig en sanderig kan wees. Die kinders gaan in die bosse loop, buite speel, in modder grawe en verf, en hulle gaan dan by die huis kom en lyk of hulle al hierdie goed gedoen het. Deur die ouers van die begin af te laat weet wat hulle van 'n dag by die kleuterskool kan verwag, bied aan hulle die geleentheid om te besluit of hierdie bepaalde voorskoolse ervaring iets is waarvan hulle gaan hou of nie.
- Help die ouers om voorbereid te wees. 'n Ouerhandleiding, e-posse, boodskappe op selfone en plakkate is maniere waarop wenke aan ouers deurgegee kan word om hul kinders vir 'n dag van spel toe te rus, byvoorbeeld deur:
  - Hul kinders in ou klere skool toe te stuur
  - Hul kinders skool toe te stuur met 'n volledige stel klere om dit agterna aan te trek
- Wees voorbereid as dagsorgfasiliteerder. Ouers kan vergeet om 'n ekstra stel klere saam te stuur. Ondersteun die ouers deur ekstra klere en handdoeke in laaie by die dagsorgsentrum te hou wat sodanig gemerk is.
- Lig die ouers in dat hulle hul kinders moet help om hulself te behelp, dit wil sê die kinders moet probeer om self hul klere uit te trek/na die ekstra klere in hul sakke te soek/skoon klere aan te trek.
- Praat met die ouers oor die waarde van modderspel. Verduidelik aan hulle waarom modderspel belangrik is en watter vaardighede ontwikkel word wanneer hul kinders aan daardie aktiwiteite deelneem.
- Nooi die ouers uit om te kom kyk hoe hul kinders in die modder speel (hoe hulle bv. 'n dam uitgrawe en bou) en hoe modderspel probleemoplossing, kreatiwiteit en verbeelding aanwakker.
- Berigte in jul nuusbrief, foto-uitstallings, daaglikse skyfievertonings op 'n digitale kamera of skootrekenaar, stories en ouerinligtingsessies kan uiters effektief wees om die ouers te help om te verstaan dat vuil klere 'n neweproduk van waardevolle spel is. (7 × 2) (14)

4.2
- Die modderhouer (emmer, bak, strook grond of 'n voor) moet groot genoeg wees om gemaklik vir 'n groep kinders voorsiening te maak.
- Hierdie houer moet 'n sterk/stewige bedekking/deksel hê.
- Al die toerusting moet sterk en duursaam wees. Geen stukkende speelgoed mag gebruik word nie.
- Al die toerusting moet maklik skoongemaak en geberg kan word.
- Daar mag geen gereedskap met skerp kante wees waarmee gegrawe word nie.
- Dit is verkieslik om plastiektoerusting te gebruik. Metaal kan roes en warm in die son word.
- Beplan gereeld stimulerende aktiwiteite. (Enige 5 × 2) (10)

4.3 4.3.1 Wanneer kinders met fantasiespel besig is, eksperimenteer hulle aktief met die sosiale en emosionele rolle van die lewe. Deurdat hulle saam met ander speel, leer hulle hoe om beurte te maak, verantwoordelikheid te deel en probleme op 'n kreatiewe wyse op te los. Wanneer 'n kind voorgee om 'n ander karakter te vertolk, doen hulle ervaring op in hoe dit voel om iemand anders te wees, wat hulle die belangrike morele ontwikkelingsvaardigheid van empatie leer. Dit is normaal dat klein kinders die wêreld vanuit hul eie egosentriese oogpunt sien, maar deur rypwording en samespel begin hulle ander mense se gevoelens verstaan. 'n Kind bou ook selfagting wanneer hulle agterkom dat hulle enigiets kan wees bloot deur voor te gee!

4.3.2 Fantasiespel help 'n kind om die mag van taal te verstaan. Daarby leer hulle, deur saam met ander kinders te speel, dat woorde hulle die middel gee om 'n storie op hul manier te vertolk of spel te orden. Hierdie proses help die kind om die verband tussen die gesproke en die geskrewe taal in te sien – 'n vaardigheid wat hulle sal help om te leer lees.

4.3.3 Fantasiespel bied 'n verskeidenheid probleme aan die kind wat hy moet oplos. Ongeag of twee kinders dieselfde rol wil vertolk en of hulle na presies die regte materiaal soek om 'n dak vir die kammahuis te maak, is hulle besig om belangrike kognitiewe denkvaardighede in te span, wat hulle in elke faset van hul lewe gaan nodig kry.

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

4.4
- Groot plastiekkratte, kartonblokke of 'n groot, leë boks om 'n 'huis' te maak
- Klere, skoene, rugsakke, hoede
- Ou telefone, telefoongidse, tydskrifte
- Kookgerei, bakke, plastiekkoshouers, servette, syblomme
- Opgestopte diertjies en poppe van alle groottes
- Stroke materiaal, komberse of ou lakens om kostuums of 'n vesting mee te maak
- Temagepaste materiaal soos poskaarte, gebruikte vliegreiskaartjies, oorsese munte en foto's vir 'n kamma-vakansiereis
- Skryfmateriaal om telefoonboodskappe af te neem, notas te los of inkopielysies te maak (Enige 7 × 1) (7)

4.5
- Maak 'n afspraak met die ouers wat hulle sal pas.
- Laat die ouers welkom voel en laat hulle ontspan deurdat jy nie agter 'n lessenaar gaan sit nie.
- Maak seker dat jy nie gesteur sal word nie.
- Wees hoflik.
- Gee 'n duidelike en eenvoudige verduideliking van die kind se vordering.
- Moenie vakterminologie gebruik nie.
- Moenie die ouers oorweldig of hulle probeer intimideer nie – probeer eerder om 'n goeie verhouding te kweek.
- Wees eerlik en hou die ouers se gevoelens in gedagte.
- Wees te alle tye professioneel.
- Laat die ouers toe om hul beskouings te opper of vrae te stel.
- Luister aandagtig na wat die ouers sê en wees taktvol.
- Wees positief en gee slegs raad wanneer hulle daarom vra.
- Wys voorbeelde van die kind se werk en moenie ander kinders vir vergelykingsdoeleindes met die ouers bespreek nie. (Enige 10 × 1) (10)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Besoek die plek voordat jy die kinders daarheen neem. Maak seker dat daar genoeg toilette en 'n plek in die skaduwee is waar die kinders kan rus en hul middagete kan nuttig.
- Neem kennis van geleenthede vir ontdekking en verkenning.
- Die plek moet NIE te duur wees nie.
- Bespreek die uitstappie met die skoolhoof om toestemming te verkry.
- Reël vir bykomende volwassenetoesig.
- Reël die vervoer en versnaperinge.
- Stuur briewe aan die ouers om hulle omtrent die uitstappie in te lig.
- Maak seker die noodhulpkissie is in 'n werkende toestand.
- Berei die kinders op die uitstappie voor.
- Bespreek die reëls van 'n uitstappie met die kinders en die ouers/vrywilligers wat jou op die uitstappie vergesel. (10)

Kopiereg voorbehou

5.2
- Maak seker dat 'n volwassene te alle tye toesig oor die kinders hou. Die personeel en/of vrywilligers moet behoorlik beheer oor die kinders uitoefen.
- Maak seker dat die kinders toilet toe gaan en 'n pouse vir hul versnaperinge het.
- Maak seker dat die personeel en/of vrywilligers met die kinders praat en die diere, mense, ens., met hulle bespreek terwyl hulle met die uitstappie besig is.
- Maak seker dat die aanbiedings (wys en vertel) volgens die voorafreëling deur die personeel van die plaas uitgevoer word.
- Die kinders wat op uitstappies gaan, kan ooropgewonde raak en graag op hul eie wil verken. Implementeer 'n proses waarvolgens daar gereeld rekenskap van al die kinders en personeel gegee word, periodiek en wanneer die aktiwiteite verander (soos net voordat daar met die terugkeer op die bus geklim word). (5 × 2) (10)

5.3
- Wees objektief – Neem die kind se gedrag waar en nie die kind self nie.
- Hou in gedagte dat kinders almal verskil en dat hulle NOOIT met mekaar vergelyk mag word nie.
- Vergelyk die vordering wat elke kind oor 'n tydperk gemaak het. Hou die fisiese vordering van die kinders gereeld dop.
- Neem die deelname van die kinders in groepe waar. Neem kennis van die kinders wat wel deelneem en van diegene wat nie deelneem nie.
- Kyk of die kinders in staat is om by die reëls te hou en die instruksies te volg. (5 × 2) (10)

5.4
- Tik op jou linkerdy, regterdy of albei dye met jou hande.
- Klap jou hande.
- Klap met jou vingers.
- Slaan op jou bors.
- Klik met jou tong teen die bokant van jou verhemelte.
- Slaan op jou boude. (Enige 5 × 1) (5)

5.5
- Die bewegingskring moet aan die hand van die beskikbare apparaat/toerusting beplan word. Die dagsorgfasiliteerder kan improviseer waar nodig.
- Die apparaat/toerusting moet ter wille van veiligheid weg van mekaar gespasieer word.
- Die apparaat/toerusting moet vir driejariges geskik wees.
- Die apparaat/toerusting moet op die gras geplaas word wat vir 'n sagte landing sal sorg indien enige kind val.
- Die apparaat/toerusting moet goed gebalanseerd wees en nie maklik omval nie.
- Die apparaat/toerusting moet weg van mekaar gespasieer word om toesighouding moontlik te maak. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.6
- Kleeflint-aktiwiteite – Plak kleeflint op die vloer om 'n paar verskillende kleeflint-aktiwiteite te skep wat behels dat gespring en gestrek kan word.
- Dans – Sit musiek op en laat die kinders dans.
- Speel kaartspeletjies.
- Gooi boontjiesakkies – Baken 'n 'veilige' area af om sagte balle/boontjiesakkies in 'n houer in te gooi.
- Hindernisbaan – Die pret is merendeels daarin geleë om die baan gereed te kry. Gee materiaal aan die kinders en laat hulle hul eie hindernisbaan maak. (Gebruik keëls, stoele, kussings, bokse en springtoue.)
- Ballonpret – Speel ballontennis of ballonhokkie.
- Binnenshuise hokkie – Maak 'n paar vierkante op die vloer met die kleeflint en speel 'n 'sagte' hokkiewedstryd met tossels en kartonbuise.
- Kyk 'n fliek.
- Speel ander balspeletjies.
- Speel die stoeledans ('musical chairs'). (Enige 5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 6

6.1
- Die kinders ontwikkel groot en fyn motoriese vaardighede wat help om spiertonus in hul hande en arms te ontwikkel.
- Hulle ontwikkel 'n gevoel vir maat ('beat') en ritme.
- Dit versterk oog–hand-koördinasie.
- Verbeeldingryke spel en storievertellings met behulp van klank word aangemoedig.
- Dit verhoog luister- (en daarom lees-) vaardighede.
- Dit versterk en beklemtoon selfdissipline en selfbeheersing.
- Die begrip van musieknotasie (in die eenvoudigste vorm), musiekdinamiek en musiekformaat word verbeter.
- Die kinders ontwikkel patroonvormingsvaardighede en leer basiese wiskundige begrippe van opeenvolging, numeriese volgorde, vorentoe en agtertoe tel en optelling/aftrekking (vir gevorderde leerders).
- Hulle ontwikkel 'n begrip van waar klank vandaan kom en hoe dit verander (na gelang van die musiekinstrument wat bespeel word).
- Hulle ontwikkel 'n gevoel vir spanwerk en sosiale vaardighede soos om te deel, beurte te maak, en so meer.
- Hulle ontwikkel 'n bewustheid van kultuurverskille. (Enige 10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

6.2
- Wanneer dit ook al gepas is, speel musiek by die huis. Dit kan musiek insluit wat sowel die ouers as die kind geniet.
- Luister aktief na die musiek. Alhoewel dit uiters nuttig is dat musiek in die agtergrond speel, is dit ook belangrik dat die kind gereeld attent gemaak word op die musiek en met musiek moet omgaan. Die ouers en die kind kan dit doen deur op maat van die musiek te beweeg of gesprekke oor musiek te voer en vrae daaroor te stel.
- Sing saam met jou kind. Dit is 'n uitstekende manier om hulle te help om musiek te internaliseer. Dit maak nie saak hoe goed of sleg jy as ouer sing nie; jy kan steeds eenvoudige liedjies sing. Herhaling is uiters belangrik vir klein kinders. Sing 'n klein aantal liedjies op 'n gereelde grondslag aangesien dit jou kind sal help om basiese melodieë and ritmes aan te leer.
- Dans saam met jou kind. Om dit te doen, is 'n genotvolle manier om hulle aan te moedig om meer oor musiek te leer, terwyl jy tyd saam met hulle deurbring.
- Maak musiekinstrumente saam met jou kind. Gebruik materiaal wat by die huis te vinde is om 'n trom of 'n skudder te maak. (5 × 2) (10)

6.3
- Groepskonstruksieprojek – 'n huis van karton wat brand
- Elke kind maak 'n brandveiligheidsmagneet, byvoorbeeld: ' Moenie wegkruip nie; kry hulp'.
- Handdrukverf-aktiwiteit – 'n gebou wat besig is om te brand
- Vetkryttekening – by die brandweerstasie (Enige 3 × 2) (6)

6.4
- Om hulle oor ouerskap op te voed
- Om inligting aan die ouers te verskaf – Vertel die ouers omtrent jouself en jou doelwitte vir die kinders in jou klas. (2 × 2) (4)

6.5
- Deur troeteldiere aan te hou, leer kinders van deernis, empatie en respek vir alle lewende dinge, insluitende diere, mense en die natuur.
- Deurdat die kinders na die troeteldiere omsien, leer hulle verantwoordelikheid en leierskap aan.
- Dit versterk en verryk lesse soos dié oor wetenskap en die natuur.
- Dit bied 'n uitweg vir ontspanning wanneer die kinders gespanne raak of hul gedrag onstabiel en/of uitdagend is om te hanteer.
- Dit bied geleenthede vir positiewe sosiale wisselwerking en deelname tussen die kinders.
- Dit stel die kinders aan nuwe ervarings en geleenthede bloot (veral vir die kinders wat nie self troeteldiere het nie), wat vrese onder hulle kan verminder. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.6
- Dit leer die kinders om die dood van 'n troeteldier te verwerk.
- Dit is duur om troeteldiere by 'n kleuterskool aan te hou.
- Iemand moet verantwoordelikheid aanvaar vir die troeteldiere wanneer die kleuterskool nie oop is nie/toe is/tydens vakansies.
- Dit is tydrowend om die kinders se wisselwerking met die diere asook kinder- en diereveiligheidskwessies te hanteer.
- Dit kan moeilik wees om die kinders op die daaglikse program te laat konsentreer terwyl daar troeteldiere in die omgewing is. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou